IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A

SAAKNOMMER: CC 482/85 PRETORIA

1988-03-14

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

[redacted]

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 365

(Bladsye 21 002 - 21 055)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT NA TEEVERDAGING OP 14 MAART 1988.

SOLOMON THAPELO MOLOI, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Wat beteken die feit dat Kananelo ook ŉ senior skool is vir julle agitasi teen prefekte? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie.

Wat beteken die feit - jy sê - jy het in jou antwoord verwys daarna dat Kananelo Skool ook ŉ senior skool is en dit is daarom dat julle soontoe gegaan het. Ek vra wat is die betekenis daarvan dat hulle ŉ senior skool is? -- Nee, ek weet self nie hoekom nie.

Is dit nie so dat hulle ook geagiteer het in Kananelo Skool teen die prefektestelsel nie? -- Nee, dit weet ek glad nie.

Van die hoër standerds 9 en 10 in daardie skool van julle, het jy niemand geken van hulle nie? -- Wat ek geken het?

HOF : Is die antwoord nee? -- Daar was van hulle wat aan my bekend was. Ek onthou van een wat in dieselfde straat as ek gewoon het.

MNR. JACOBS : Wie is hy? -- Siphiwe.

En sy van? -- George.

Is hy ook bekend as Daniël George? -- Ja, hy is die een wat ek ken.

Was hy op 11 Februarie 1985 nog daar in daardie skool gewees in die matriekklas? -- Ja, hy was by die skool.

Dieselfde skool as wat jy in was? -- Ja.

Is dit die enigste van die hoër standerds van 9 en 10 wat jy geken het in daardie skool van hulle? -- Wat ek onthou ja.

Maar jy kan glad nie vir die hof sê wie is die persoon

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat julle toegespreek het by die skool nie? -- 'n Persoon wat ons toegespreek het by die skool? Ek verstaan nie hoe nie. Wat is die vraag?

Het niemand julle toegespreek nie? -- Nee, niemand nie.

Niemand het toe ook daar gesê dat julle moet na Kananelo Skool toe gaan en vra vir hulle bystand nie? -- Dit was 'n skoolkind gewees.

So, daar het nou iemand dit gedoen? -- Ja, ek sal sê dit was so.

Nou vra ek weer vir jou, jy weet glad nie wie dit is nie? -- Ja.

Is hy een van die matriekleerlinge of is hy 'n St. 9 leerling of is hy 'n persoon wat glad nie in die skool is nie? -- Hy was in matriek gewees.

Is dit nie so nie dat die onderwysers en die hoof was eintlik bang gewees daardie oggend vir alles wat daar by die skool aangegaan het? -- Ek het nie die ander onderwysers gesien nie. Die enigste persoon wat ek gesien het was die prinsipaal toe hy vir die kinders gesê het dat hulle klaskamers toe moes gaan. Ek weet nie of hy bang was of nie.

Dit was in die oggend nadat hy die name van die prefekte aangekondig het waarna jy nou verwys. Is dit reg? -- Ja.

Maar dan vertel jy mos nou 'n onwaarheid vir die hof as jy sê jy het nie die onderwysers gesien nie, maar net die prinsipaal? -- Ek het al die onderwysers die oggend gesien, maar die enigste een wat gesê het dat die kinders na die klaskamers toe moet terugkeer is die prinsipaal.

En toe die mense so oproerig was en geskreeu het en op en af geloop het ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : The witness has drawn a distinction between

"oproerig"/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

"oproerig" and screaming. Mr Jacobs tends to equate the two. If a witness tends to make a distinction, I submit that the cross-examiner must make a distinction as well. The way I understand "oproerig" is an incitement to violence.

COURT : Not necessarily. "Oproerig" means making a lot of noise. Disorderly and clearly this was disorderly.

MR BIZOS : No, well, if it only means disorderly I am unduly influenced by the definition of the word used in the definition of the crime.

COURT : You may be right, but that is not the way I understand it. As it is used here at the moment, I understand "oproerig" to mean making a lot of noise and being disorderly.

MR BIZOS : May be it is a question of language. I am happy to leave it at that having made the point. I am not sure of my ground on that. It is only the "oproer" that I hear in the definition of the crime that may have influenced me.

HOF : Herhaal die vraag, asseblief?

MNR. JACOBS : Die feit dat hierdie mense die oggend daar so oproerig gewees het, geraas het en geskreeu het en rond en bont beweeg het, dit het veroorsaak dat die onderwysers eintlik weggevlug het, want jy het hulle nooit weer gesien nie? -- Ja.

En soveel so dat selfs die polisie ontbied was daar na die skool toe? -- Ek het nie die polisie gesien nie.

Het jy nie die polisie gesien toe julle die perseel verla het daar en na die ander skool, Kananelo Skool beweeg het en dat die polisie julle volg nie? -- Nee, ek het nie die polisie gesien nie.

Is dit reg, julle was opgestel in 'n optog? -- Nee, wat daar gebeur het, is dat jy het partykeer gevind dat mense

normaal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

normaal loop en dan skielik begin hardloop.

HOF : Bedoel u julle het gewoon gestap, gewone pas gestap in die straat en dan word daar gehardloop en dan word daar weer gestap en dan word daar weer gehardloop? Of wat bedoel u? -- Ja, dit is wat gebeur het.

MNR. JACOBS : Maar in 'n prosessie, een groot prosessie? -- 'n Prosessie? Bedoel u dat ons daar op 'n goeie manier geplaas was dat ons miskien in 'n ry gestaan het of wat bedoel u?

HOF : Ja, amper soos 'n opgestelde optog? -- Net soos met die skoolkinders gedoen word?

Nee, ek weet nie hoe julle by die skool werk nie, maar sê nou maar amper soos soldate stap of so iets? -- As die soldate nou agter mekaar stap en marsjeer?

Ja? -- Nee, nee, dit was nie so nie.

Los die marsjeer nou, maar was julle in rye? -- Nee.

Was julle dan 'n los bondel wat hier in die straat afgepe het? -- Nee, ons was 'n los bondel gewees. Ek kon nie opgeste gewees het nie, want ek sal vir u sê die "loafers" ook wat daar in die strate gesit het wat ons gesien aankom het in die bondel van ons, het ook sommer daar aangesluit. Ons kon nie opgestel gewees het nie.

MNR. JACOBS : Voordat julle vertrek het, voordat julle begin wegbeweeg het van julle skool af, het julle opgevorm gedeelte op die skoolperseel en gedeeltelik in die straat. Met ander woorde dit was, soos jy sê, 'n bondel, maar dit was 'n lang bondel gewees? -- Ja.

En julle het nie net geskreeu "SRC's" wat julle wil hê nie. Julle het ook gesing? -- Ek kan nie meer onthou of daar gesing was nie, maar ek onthou wel dat daar gesê was "We want SRC. We want SRC."

Want/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Want ek wil dit aan jou stel julle het ook met julle vuiste in die lug gehardloop wanneer julle gehardloop het? -- Met die vuiste in die lug?

Ja? -- Nee, nee, nee, dit kan ek nie onthou nie.

En julle het ook slagspreuke geskreeu "Amandla Ngawethu" -- Nee, ek weet nie daarvan nie. Ek hoor dit nou hier.

HOF : Daardie "loafers" wat by julle aangesluit het, het hulle ook geskreeu "SRC's"? -- Ja.

MNR. JACOBS : En julle het vryheidsliedere gesing? -- Ek kan niks onthou wat die singery betref nie.

Selfs van die ander getuies wat die verdediging hier geroep het, het vir die hof vertel hulle het "Senzeni na" gesing? -- Is daar getuies wat so sê?

HOF : Is dit verkeerd? -- Wat ek kan onthou volgens my is die volgende. Daar was geskreeu gewees "We want SRC". Ek kan nie onthou of daar gesing was nie. Volgens my geheue is dit al wat ek kan onthou.

MNR. JACOBS : As ek jou getuienis reg verstaan het jy gesê terwyl julle nog ver van Kananelo Skool was, het jy opgemerk dat daar kinders buite die perseel was.

HOF : Is dit reg? Ek het gedink buite die gebou op die perseel?

MNR. JACOBS : Nee, hy het "outside the premises."

HOF : My indruk was, dit is hoekom ek gevra het of die mense besig was met liggaamsoefening.

MNR. JACOBS : Net daarna het hy dit gesê. Hy sê "When reach Kananelo one child from Bodibeng called Kananelo to join us in support. Students outside premises of Kananelo came runni to us."

HOF : U kan die vraag vra dat ons hoor wat sê die getuie.

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Is dit reg? Ek verstaan jou getuienis dat toe julle die Kananelo Skool genader het, was daar kinders van daardie skool buitekant die perseel?

MR BIZOS : The contemporaneous note by Miss Potter is "students outside the classrooms."

MNR. JACOBS : Kan ek vra dat hierdie stukkie oorgespeel word, dan sal ons nie hierdie stryery hê nie.

HOF : Nee, dit is nie nodig dat ons dit oor speel nie. Ek kan na my eie notas kyk.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : "Students were outside."

HOF : " Students were outside" nie "premises" nie. My nota en my geleerde assessor se nota is "students were outside Kananelo School and came running towards us." Dit beteken nie dat hulle buitekant die perseel was nie.

MNR. JACOBS : Ek het die woord "premises" spesifiek gehoor en dit toe neergeskryf.

HOF : Dit is nie soos ek dit begryp het nie. U kan dit nie aan hom stel nie. U kan hom vra wat sy getuienis is daaromtrent. Ek dink nie u interpretasie is korrek nie.

MNR. JACOBS : Toe u nou Kananelo Skool genader het, die kinders, was hulle buitekant die perseel gewees? Kan ek hom so vra? -- Ek het getuig hier dat hulle was buite die klaskamers gewees, maar nog steeds op die perseel van die skool. "Around the school."

Was hulle in een groot groep gewees of was hulle in verskillende klein groepies gewees op verskillende plekke versprei? -- Destyds op Kananelo se skoolpersele was daar bome gewees. Die ander kinders was daar onder die bome gewees daar waar hulle gesit het en party was net daar los op die perseel gewees orals.

So/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

So, hulle was nie in 'n groep gewees nie? -- Ja.

En hulle het ook nie net uit die klaskamers gekom nie, hulle was reeds op die perseel gewees? -- Hulle was net daar buite, ja.

En jy het niemand gesien uit klaskamers kom nie? -- Nee, ek het hulle nie gesien uit die klaskamers kom nie.

Is dit in werklikheid so dat hulle was eintlik ver weg van die klaskamers af? -- Nee, baie ver nie.

Maar 'n redelike distansie weg, doer onder die bome en daar op die speelgrond? -- Ek het gesê van die kinders het onder die bome gesit en van die kinders was orals daar, maar as u wil hê ek moet nou sê, daar was van hulle naby die kantoor van die prinsipaal en die ander was daar in die nabyheid van dié wat naby die prinsipaal se kantoor was.

Is hulle bymekaar geroep toe julle nou daar gearriveer het? -- Bymekaar geroep om wat te doen? Om na ons toe te kom of wat bedoel u?

Ja? Is hulle bymekaar geroep of nie? -- Kan u nie miski die vraag op 'n ander manier stel nie, want ek verstaan nie wat u daarby bedoel nie.

Is daardie mense bymekaar geroep daar op die skoolperseel? Ja of nee? -- Ja, dit het so gebeur.

Wie het hulle bymekaar geroep? -- Die man wat 'n voorstel gemaak het by ons skool daar dat ons na Kananelo toe moet gaan, is die persoon.

Waar het hulle toe versamel? -- Ons het nog in die straat by die hek van Kananelo Skool se perseel gestaan toe hierdie seun nou weer daar hardop gepraat het met die kinders van Kananelo, as gevolg waarvan Kananelo se kinders toe aangehardloop gekom het na ons toe. In die hardloop het

hulle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hulle toe ƞ bondel gevorm wat ƞ mens kan sê ƞ groep. Op die ou end met hulle aansluiting by ons het hulle in ƞ groep aangesluit. Ek het dus uit ons groep uit weggestap na ƞ ander huis toe. Ek het voor mnr. Monaheng se huis gaan staan.

HOF : Hoekom? -- Die dag het ek nuwe skoene aangehad. So, die mense, met hulle aansluiting daar by ons, was so rof gewees dat ek bang geword het hulle gaan my skoene beskadig want dit is nog nuut. Ek het toe besluit om ver van hulle af te gaan staan, dat hulle nie my skoene kan beskadig nie.

MNR. JACOBS : Hierdie persoon wat in julle groep die mense geroep het, as ek jou reg verstaan het, het hy julle nader geroep en toe hardloop hulle van self en gaan sluit by julle optog aan? -- Dié wat naby genoeg was by die hek, het sommer so nader gestap. Dié wat ver was, byvoorbeeld onder die bome en daar rond, is die klomp wat aangehardloop gekom het.

En sonder dat hy vir hulle gesê het hoekom hy hulle nader roep, het hulle sommer kom aansluit by julle groep? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie. Bedoel u voor hy vir hulle gesê het vroeër of voor hy hulle gesê het daar?

Daar? Volgens jou getuienis het ek net verstaan jy het gesê hy het hulle nader geroep en toe kom hierdie mense sommer van ver plekke af - van naby af loop hulle en van ver af hardloop hulle en hulle hardloop en hulle sluit by julle groep aan sonder dat iets verder gesê is? -- Dit is hoe ek dit gesien het.

So, hy het nooit vir hulle gesê dat hulle moet nou - waarom hy hulle roep nie? -- Hy het hulle geroep terwyl hy nog in ons groep gestaan het, tussen die groep en toe daardie mense kom, het hulle eers daar ƞ deurmekaarspul veroorsaak.

In/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

In daardie deurmekaarspul het hulle met hom gepraat. Dit is op hierdie stadium wat ek weggestap het van die klomp af om by Monaheng se huis te gaan staan. Daar was wel iets tussen hulle gesê wat ek nie kon hoor nie.

Was daardie mense alreeds deel van julle groep toe? -- Watter mense? Kananelo se kinders?

Ja? -- Ja.

So, het ek dit dan reg dat voordat daardie kinders van Kananelo by julle aangesluit het, het niemand vir hulle gesê vir watter doel hulle daar nader geroep word en gevra word om by julle aan te sluit nie? -- Ek verstaan nie die vraag nie. Kan u die vraag herhaal?

Ek vra vir jou 'n eenvoudige vraag. Ek vra is dit dan so, is dit korrek dan so dat hulle het by julle groep aangesluit sonder dat enigiemand vooraf vir hulle gesê het met watter doel moet hulle by julle kom aansluit? -- Ja, dit het nie gebeur dat hulle gesê was nie, maar ek weet nie of hierdie man wat die voorstel gemaak het dat ons na Kananelo toe moet gaan alreeds vantevore op 'n ander dag met hierdie mense gepraat het en daardie reëling getref het dat ons van Bodibeng daar by hulle sal kom en dat hulle dan by ons moet aansluit nie.

Het dit vir jou die indruk geskep daarso dat dit wel die geval is en dat dit daarom is dat daardie kinders reeds daar buitekant gewag het? -- Ja, dit is wat ek dink.

So, het dit vir jou heeltemal gelyk dit is 'n afgespreekte ding dat julle Kananelo daar ontmoet en dat hulle saam met julle gaan? -- Volgens my, my siening is dat dit alreeds gereël was met Kananelo se kinders deur hierdie man wat die voorstel gemaak het.

Hoe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hoe ver is dit wat jy weggeloop het van julle groep af toe hierdie groep julle mense daar ontmoet het? -- (Getuie dui distansie aan)

HOF : Twintig meter.

MNR. JACOBS : En het jy daar gestaan terwyl daar nou ŉ gesprek plaasgevind het nog in die groep? -- Ja.

Het dit ŉ hele tydjie geneem? -- Ja, dit het ŉ tydjie geneem.

Tot op daardie stadium het jy nog nooit die polisie gesien nie? -- Ek het die polisie eers later opgemerk.

Is jy lateraan terug na die optog toe of na die groep toe om dit so te stel? -- Nee, ek het nie teruggekeer nie. Ek het daar by Monaheng se huis bly staan.

En toe sê jy eers later het die polisie opgedaag. Op watter stadium was dit? -- Terwyl die mense nog daar gestaan het, het die polisie opgedaag.

Waarmee het die polisie opgedaag? -- Ek het twee polisie-afleweringswaens gesien of klein bakkies gesien.

En hulle was stilstaande toe jy hulle die eerste keer gesien het? -- Dit het nog aangery gekom.

HOF : Die mense wat uit Kananelo Skool uitgekom het en by julle groep aangesluit het, hoeveel was hulle? -- Hulle was baie. Ek is nie in staat om ŉ skatting te gee nie.

Was hulle soveel soos julle? -- Nee, nee, ons was ver meer, ons was baie, want kyk die "loafers" was ook daar by getel.

Sou u sê die helfte van Kananelo Skool het gekom of meer as die helfte van Kananelo Skool of minder as die helfte? -- Dit is vir my moeilik. Ek weet nie wat is die helfte van die kinders op Kananelo nie. As dit miskien my skool

sou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sou ek vir u kon gesê het maar ek kan nie sê nie.

Ek wil net in die algemeen 'n begrip hê. Was dit tiene, was dit honderde, was dit miskien vyfhonderd, so iets? Ek weet nie? -- Volgens my skatting wil u hê?

Ja, net 'n skatting? -- Die eerste klomp wat naby was, is dié wat geloop het om by ons aan te sluit was tiene gewees toe hulle daar kom, maar die laaste klomp wat deur die gang uitgehardloop het in ons rigting sal ek sê het in honderde daar uitgekom.

MNR. JACOBS : En het almal wat daar op die perseel was by julle aangesluit? -- Ek weet nie of daar nog kinders in die klaskamers was en of daar nog kinders agtergebly het in die ander plek wat ek nie kon sien op die skoolperseel nie, maar dié wat ek kon sien wat op die perseel was, het almal by ons kom aansluit.

Volgens jou getuienis beweer jy dat die polisie het - voordat die polisie traanrook sou geskiet het, het daar 'n klomp weggehardloop? -- Ek weet nie wat moet ek sê hoeveel nie.

Maar het jy gesien dat hulle weghardloop nie? -- Ek het.

Het hulle in verskillende rigtings in weggehardloop? -- Ja, dit was 'n deurmekaarspul gewees. Van die kinders het om die hoek gehardloop, van hulle het in die huise op die persel ingehardloop.

En dit sonder enige rede? -- Volgens my waarneming, ja.

Ken jy vir Miriam Sebetoane? -- Miriam Sebetoane?

Ook bekend as Mamokhele? -- Nee, ek ken haar nie.

Jy sien, sy is ook van daardie skool van julle. Sy het hierso getuienis gegee in hierdie hof. -- As dit die geval

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is moet sy seker een van die mense wees wat in die hoër klasse is. Ek ken haar nie.

Sy was in matriek? -- Ja.

En sy het vir die hof gesê die mense het nie weggehardloop nie, maar dood normaal net weggestap ŉ klompie van hulle? -- Nee, Mamokhele praat dan nie die waarheid nie. Daardie mense het weggehardloop.

U edele, die bewysplaas in hierdie getuienis waarna ek verwys is volume 358 op bladsy 20 602. Jy sien, ek wil dit aan jou stel dat die polisie het nie op daardie geleentheid daarso enige traanrook afgevuur nie. Die optog het daarvanaf voortbeweeg na ŉ ander skool toe nog om nog ŉ skool te kry om by te staan in hierdie - om julle skool by te staan in hierdie ding oor die prefekte? Is dit nie so nie? -- Dit wat u nou net gesê het?

Ja, is dit nie so nie? -- Ja, die polisie het daar opgedaag. Dit is die waarheid.

Ja, die polisie het opgedaag en is dit nie reg dat julle toe nog daarvanaf na Kananelo Skool toe gegaan het en jy net ŉ bietjie verwar is nie? -- Ja, maar ek het hier gesê van Kananelo af is ek reguit huis toe.

Maar is dit nie so dat jy het eintlik net vergeet en dit is nie so nie, maar julle het eers na ŉ ander skool toe ook gegaan? -- Wil u my laat verstaan dat ons van Bodibeng het na Kananelo toe gegaan en van Kananelo af het ons nog na ander skole toe gegaan?

Ja, na ŉ volgende skool toe waar julle ook die kinders gaan vra het om saam met julle te gaan? -- Nee, ek sê van Kananelo af is ek reguit huis toe. Hierdies het verder aangeloop as hulle aangeloop het. Waarheen hulle gegaan

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het en wat van hulle geword het later, weet ek nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Was jy bang vir jou skoene? -- Vir wat?

Die nuwe skoene? -- Ja, ek moes dit weggehou het.

En uit die moeilikheid uit bly? -- Ja. Dat hulle ook nie my skoene steel nie.

MNR. JACOBS : As ek jou getuienis dan verder verstaan, kan jy ook nie betwis nie, want jy weet nie wat het gebeur met daardie kinders na hulle daar weggegaan het dat hulle geloop het na 'n ander skool toe nie? -- Ek verstaan regtig nie.

Jy kan nie betwis dat daardie kinders het daarvanaf geloop na 'n ander skool toe hoewel jy nie saam met hulle geloop het nie? -- Ja, ek sal dit nie betwis nie, want ek weet nie.

Jou huis waar jy woon, is dit naby die besigheidsentrum van Phomolong? -- Dit is so 'n entjie ver.

As jy nou moet skat, weet jy die lengte van 'n voetbalveld? Ken jy 'n voetbalveld of 'n sokkerveld? -- Nee, ek weet nie wat die lengte van die voetbalgrond is nie.

HOF : Speel jy sokker? -- Wie? Ek?

Ja, jy? -- Ja, ek het sokker gespeel, maar dit is lank gelede. Toe hulle my enkel beseer het na ek in gips was, het ek nie weer gespeel nie. Ek speel nou "volley ball".

MNR. JACOBS : Van jou huis af, kan jy sien op die besigheidsentrum? -- Nee, glad nie.

As jy by jou huis is, kan jy hoor as mense hard skreeu daar by die besigheidsentrum? -- Nee, ek kan nie.

Jy sien, wat vir my eienaardig is, jy het die oggend sommer vroeg net na - is jy direk van die skool af, na jy hulle daar verlaat het na jou huis toe? -- Van Kananelo af

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is ek reguit huis toe.

Is dit reg dat jy moes omtrent hier net na 09h00 by jou huis gekom het? -- Ja, dit is die waarheid.

En jy het so vroeg by die huis gekom. Het jy gaan slaap daardie tyd? -- Dit is nie dat ek onmiddellik gaan slaap het toe ek net daar kom nie.

Het jy niks gehoor aangaan daar by die besigheidsentrum gedurende daardie tyd, skote gehoor, mense wat skreeu nie? -- Ek het skote gehoor wat gevuur was, maar ek kan nie sê of dit by die winkels was of waar nie.

Was dit uit die rigting van die winkels? -- Ja.

Het jy mense gehoor skreeu? -- Terwyl ek by die huis was

Ja? -- Nee, ek het nie.

En mense gehoor hardloop in die strate? -- Wanneer nou? Ek weet nie.

Terwyl jy by die huis was na jy van Kananelo Skool af gekom het? -- Nee.

Toe jy nou die skote gehoor het daar voordat jy gaan slaap het, het jy nie uitgegaan en gaan kyk wat gaan aan of vasgestel wat is nou hier aan die gang nie? -- Nee, ek het nie uitgegaan nie.

Hoekom nie? Was jy nie nuuskierig gewees nie? -- Ek was bang vir die botsing. Dalk word daar na iemand geskiet en daar word gemik op iemand en hy word mis geskiet en hier kom ek uit omdat ek nuuskierig om te kan sien en per abuis bots ek met daardie ding wat geskiet is, dan is ek verongeluk

Later in die dag toe jy uitgegaan het om te gaan kyk in die straat, toe was jy nie bang om per ongeluk te bots met iets nie? -- Nee. Die rede hoekom nie, op daardie tydstip toe ek uitgegaan het, was daar nie meer geluide van

vuurwapens/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vuurwapens wat geskiet het nie en tweedens, voor ek uitgegaan het, het ek die gordyn voor die venster weggeskuif en geloer wat daar buite was.

Het jy nie vroeër ook toe jy die skote gehoor het geloer nie? -- Deur die venster? Nee, ek het nie.

HOF : Toe u gaan slaap het, het u onder die bed gaan slaap? -- Ek het onder die bed gaan wegkruip, ja.

MNR. JACOBS : Nadat jy opgestaan het en in die straat gegaan het, het jy gaan kyk daar wat gebeur het toe jy die rook gesien het? -- Ek was nooit ver van my huis af nie. Die entjie wat ek uit die huis weg was en uit my huis, was toe ek na mev. Mangope se huis toe gegaan het. Sy is 'n buurvrou van ons waar ek monopoly gaan speel het.

Die huis van julle, grens hy aan 'n teerstraat?-- Nee.

Het jy nie die dag daar padversperrings in die pad gesien nie? -- Uit ons perseel uit in die straat in, toe ek op pad na mev. Mangope toe was, het ek die hoek van ons straat gesien waar daar so 'n klompie bakstene gepak was.

Oor die pad? -- Ja.

Bakstene en klippe? -- Ja, maar as ek praat van bakstene sluit dit klippe in.

Groterige klippe? 'n Kar kan nie daaroor ry nie? -- Wat is die grootte?

Sodat 'n kar nie daaroor kan ry nie? -- 'n Sekere man het daar gekom met 'n voertuig. Hy het omtrent vier versperrings, klippe of stene weggeskuif en sy voertuig kon toe daar deur ry

Eers nadat hy die goed weggeskuif het? -- Ja, nie al die klippe nie.

Was daar ook asdromme en sulke goed tussen die klippe gewees? -- Nee, dit het ek nie gesien nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het jy nadat jy uit die huis gekom het enigsins gemerk dat daar voertuie in die strate gebrand het? -- Nee, daar naby my huis het ek niks gesien wat aan die brand was nie. Al wat ek gesien het, was toe ek uitgekom het, is dat daar rook was en iets is aan die brand. Wat dit was wat aan die brand was op daardie stadium weet ek nie.

Weet u waar bly die burgemeester van Seeisoville? -- Hy woon nie in Seeisoville nie.

Waar woon hy? -- In Phomolong in ŉ hoekhuis.

Dit is seker nie baie ver van julle huis af nie? -- Dit is ver. Die burgemeester se huis is in die onmiddellike nabyheid van die winkels van Phomolong.

Is die posisie nie dat op daardie dag het u saam met daardie ander mense van die skole bymekaar gekom en saam met hulle gegaan en die plekke in die besigheidsentrum aan die brand gesteek en geplunder nie? -- Dit is nie so nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : U sê u gaan speel monopoly by mev. Mangope? -- Ja.

Met wie speel u monopoly saam? -- Ek?

Ja? -- Gift, Bobo, Sipho. Ek kan net hierdie vier noem. Daar is so baie mense wat daar kom en hierdie een ook Oupa.

Het mev. Mangope ŉ seun? -- Ja.

Wat is sy naam? -- Pule.

Ken jy vir Mokete Mangope? -- Nee, ek ken hom nie.

MNR. JACOBS : Jy sê vir die hof jy het nie vir Joseph Matches geken nie? -- Ja, dit is die waarheid.

Jy sê vir die hof dat jy het nie vir Joseph Matches geken nie? -- Ja, dit is die waarheid.

Het jy geweet van watter skool hy was? -- Ek het nie eers geweet nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het jy geweet waar hy dood is? -- Ek weet nie waar hy dood is nie.

Vir watter rede het jy dan na sy begrafnis toe gegaan? Jy ken hom nie? Jy weet nie waar hy vandaan kom nie? Jy weet nie die omstandighede van sy dood nie? -- In Maokeng by enige dood waar 'n skoolkind oorlede is, sal die skoolkinders uniforms aantrek en na die begrafnis toe gaan. So, dit is die prosedure wat daar gevolg word. Dit is hoekom ek gegaan het.

Die dag van die begrafnis, het jy skool toe gegaan? -- Nee, ek het nie gegaan nie.

En is julle nie dan as 'n skoolgroep saam na die begrafnis toe nie? -- Nee, nie van die skool af nie.

Dit was 'n skooldag gewees, nie waar nie? -- Ja, dit is sc

As jy dan sê dat enige skoolkind wat sou doodgaan - was die ander twee persone nie ook skoolkinders gewees nie? -- Nee, ek kan nie van die ander onthou nie.

As hulle skoolkinders was, kan jy aan enige rede dink hoekom julle nie daardie begrafnisse bygewoon het as 'n skool of as 'n skoolkind nie? -- Ja, ek kan vir u sê.

Hoekom? -- Dit is omdat ek agtergekom het met die begrafn van Matches dat jy kan begrafnis toe gaan, dit is reg, dit is normaal, maar met die terugkom gaan die sambok jou kry. Jy moet die sambok kry. Nou ja, om dit te vermy.

Die dag van die begrafnis van Matches, ek dink dit was 18 Februarie 1985, sê jy jy het na sy huis toe gegaan. Hoe het jy geweet waar is sy huis, want dit is mos 'n persoon wat jy nie geken het nie, jy het nie geweet waar sy skool is nie, niks nie? -- Een mannetjie wat die vorige nag die diens bygewoon het by hierdie oorledene se huis, het my daarvan

gesê/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gesê. Hy het my eintlik soontoe geneem. Ek en daardie persoon en andere het voetbal geskop in die straat toe hy dit vir my gesê het en my toe later saamgeneem het.

O, is jy op versoek van hierdie ander mannetjie saam begrafnis toe en nie omdat jy begrafnis toe wou gegaan het nie? -- Ons was twee persone gewees wat hy genooi het om saam met hom te gaan na die begrafnis toe. Dit is reg, ek was nie alleen nie.

Jy was ook nie van plan om begrafnis toe te gaan nie, totdat hy jou genooi het? -- Ja, ek was nie self van plan om soontoe te gaan nie.

En jy het sommer maar net stokkies gedraai daardie dag en nie skool toe gegaan nie? -- Nee, ek het nie stokkies gedraai nie. Ek het by die huis gesit.

Hoekom het jy dan nie skool toe gegaan nie? -- Dit is omdat daar nie kinders by ons skool was nie. Daar is 'n meisie kind wat woon omtrent vyf of ses huise van my huis af. Sy het ook nie in daardie dae skool toe gegaan nie. Ek en sy is in dieselfde klaskamer, dieselfde standerd.

Ek wil dit aan jou stel, die feit was julle het georganiseer om in groot getalle by daardie begrafnis te wees omdat hierdie persone in die onluste omgekom het? -- Dit kan wees, maar ek weet nie daarvan nie.

Jy was deel van daardie organisasie. Jy was aktief gewees en jy was nie so passief gewees soos wat jy vir die hof wil voorgee nie? -- Dit is nuwe dinge wat u nou aan my stel, want ek is nie 'n persoon wat enige organisasie gedoen het vir die begrafnis nie.

K1233 Is dit by julle skool waar daar slagspreuke geskryf was ten tye van hierdie onluste? -- Wat is slagspreuke? Ek

verstaan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verstaan dit nie.

Was daar by julle skool dinge op die muur geverf gewees? -- Ja, ek kan nie meer onthou wat daar geskryf was nie.

Was mense daarvoor gearresteer van julle skool af? -- Ja, dit is so.

Wie was gearresteer daarvoor? -- Wag, laat ek 'n bietjie dink. Ek onthou van Mono.

Wat is Mono se van of naam? -- Nee, ek ken hom net as Mono op sy naam. Pini.

Wat is sy van? -- Ek kan nie sy van onthou nie.

Het jy vir Pini geken? -- Wie? Pini?

Ja? -- Ja, ek het hom geken, want toe ek standerd 8 gedoen het, was hy ook maar daar naby ons klaskamer gewees en ons het saam voetbal gespeel.

Het hulle ook saam rondgeloop en beweeg in die woongebie -- Nee, ons het nie saamgeloop in die woongebied nie.

Ek sal nou-nou daarop terugkom. Wie was nog daar vir die slagspreuke aangehou? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie.

Op hierdie begrafnis, ek sal op die ander aspek nou-nou terugkom, voor ek daarvan afstap, was Daniël George nie ook een van die mense wat aangehou was vir slagspreuke nie? -- Nee, Daniël George? Ek kan nie meer so goed onthou nie. Ek weet daarvan dat hy gearresteer was.

Het jy altyd saam met hom rondbeweeg in die woongebied? -- Partykeer, byvoorbeeld as ek uit my huis uitgaan op pad skool toe, dan loop ek hom raak en dan stap ons saam skool toe.

Toe jy by die begrafnis van Matches arriveer het, was die diens al aan die gang gewees? -- Met my aankoms daar

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was die mense besig om weg te loop van die huis af.

So, jy het nie die diens daar gehou nie? -- Nee, glad nie.

Die lykswa, het jy dit gesien? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Hoe was hierdie lyk vervoer? -- Ek het die kis met die lyk op die bakkie gesien. Ek weet nie wie s'n is dit nie, maar die maak van daardie bakkie is 'n Ford.

Het die kis net op die bakkie gestaan alleen? -- Nee, wat ek gesien het is die volgende. Daar was persone aan weerskante van die kis op die bakkie. Op 'n latere stadiu het ek opgemerk dat die kis baie hoog gehou is. (Getuie demonstreer)

HOF : Ja, die getuie demonstreer met sy regterhand. Sy hand is in die vorm van 'n vuis wat blykbaar wil aandui dat die kis vasgehou is aan 'n handvatsel en sy hand was by die eerste geleentheid heeltemal uitgestrek in die lug. By die tweede geleentheid was sy hand ongeveer dertig sentimeter onder sy skouer en by die derde geleentheid laag na die grond toe. Die vuis wat u hou, is dit vashou van 'n handvatsel of is dit vashou van 'n kis aan die onderkant? -- Dit is die hand wat op die handvatsel van die kis vasgehou het as ek die vuis so hou.

Ja, die hand was met die eerste demonstrasie heeltemal bo die kop uitgestrek.

MNR. JACOBS : En die persone wat die kis so gehou het, wie van hulle het jy geken? Gee vir ons hulle name? -- Ek het hulle nie geken nie.

Nie een van hulle geken nie? -- Van die mense wat die kis gedra het?

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ja? -- Ek was ver agter gewees. Ek kon nie die mense herken nie, want ek kon hulle nie goed sien nie. Die bakkie was heel voor.

Het jy hulle nie herken toe julle daar by die kerkhof aangekom het en na die lykswa toe gegaan het nie? -- Toe ek by die kerk kom, was die kis alreeds afgelaai en ek het nie meer daardie persone gesien nie.

Het hulle enige T-hemde aangehad? -- Ek het een van hulle gesien met ʼn T-hemp aan.

En die ander? -- Die ander, al het ek hulle nie so goed gesien nie, maar hulle het nie T-hemde aangehad nie.

Die een wat ʼn T-hemp aangehad, wat se T-hemp het hy aangehad? Kon jy dit uitmaak? -- Ja, ek het dit gesien.

Wat se T-hemp was dit? -- Voor op die bors was UDF geskryf.

Kon jy daardie persoon van voor sien dat jy sien dit is UDF? -- Ja, terwyl ons daar by die graf was, het die persoon om verskoning gevra dat die mense verby kon loop, want hy wou tussen die klomp mense deurgegaan het dat hulle pad vir hom moet gee. Hy wou water gaan afslaan het. Dit is op daardie stadium wat ek gesien het die T-hempie is ʼn UDF T-hempie.

HOF : Waar was u? Was u voor of in die middel of agter van die mense om die graf? -- Ek was agter.

MNR. JACOBS : Was dit ʼn jong man gewees? -- Dit was ʼn jong persoon.

Het jy hom geken? -- Ek het hom glad nie geken nie.

Was hy nog ʼn skolier? -- Ek het daardie persoon daardie dag vir die eerste keer gesien.

Watter plek het jy ingeneem in hierdie optog toe jy

by/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

by die huis van die oorledene daarby aangesluit het? Die stoet? -- Ek was heel agter gewees.

Het die stoet die hele straat vol geloop, die wydte van die straat? -- Ja.

En daar was baie mense voor jou, ŉ hele paar duisend het ons gehoor van ander getuies. Stem jy saam? -- Ja, dit is die waarheid.

En stem jy saam daardie stoet was baie lank gewees, seker ŉ hele paar honderd treë lank gewees? -- Bedoel u hulle was soveel gewees dat hulle honderde treë kon gewees het? Ja, dit kon gewees het.

En is dit reg dat die polisie het in die strate parallel met hierdie een waarin julle beweeg het ook beweeg en julle onder observasie gehou? -- Nee, ek het nie die polisie daar gesien nie.

Is julle naby die polisiestasie verby? -- Ja.

Het hierdie optog of stoet op enige stadium opgebreek in meer as een deel? -- Ek kan nie meer onthou nie. Ek weet nie.

Het jy op hierdie dag op enige stadium ŉ lykswa gesien, hetsy by die huis, gedurende die prosessie of by die kerkhof? -- Ek het alreeds gesê dat ek glad nie ŉ lykswa daar gesien het nie. Ek het net daardie voertuig wat ek alreeds genoem het gesien wat die kis vervoer het.

In die stoet self, het jy geen lykswa daar gesien nie? -- Nee, ek het dit glad nie opgelet nie.

By die graf self, het jy enige lykswa daar gesien? -- Selfs daar glad nie.

Is dit so, jy sal seker saamstem as daar so baie mense in die stoet is, dan kan jy nie sê wat het die mense

op/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

op verskillende plekke in hierdie stoet gedoen nie? -- Ja.

As daar vrouens op 'n ander plek was wat hulle rokke opgetel het vir die polisie, dan kon jy dit nie gesien het nie? -- Wat dit betref sal ek die volgende moet sê. Dit kan wees dat die vrouens dit gedoen het wat heel voor sonder dat ek daarvan geweet het, want ek was heel agter. Dit kan wees dat hulle dit nie gedoen het nie. Omdat ek heel agter was weet ek nie. Ek kan nie sê nie.

Jy kan selfs nie ook sê as dit in die middel gebeur het nie? -- As dit in die middel gebeur het sou ek dit gesien het.

'n Hele paar honderd treë voor jou? -- Dit kan wees dat dit honderd treë plaasgevind het vanwaar ek was heel ver.

Dan sou jy dit nie gesien het nie? -- Ja.

En is dit ook moontlik dat hulle vir die polisie kon gefluit het en geskreeu het sonder dat julle dit gehoor het? -- Ja.

Dit is ook so dat in daardie stoet, terwyl die mense geloop het, het hulle gesing? -- Ja, hulle het gesing.

Verskillende liedere? -- Ja, hulle het verskillende liedere gesing.

En as enigiemand vir hierdie hof kom sê het hulle het al die pad net een lied gesing, dan is dit 'n leuen? -- Wat?

Verstaan u die tolk? -- Ja.

Het jy sy vertolking van die vraag gehoor? -- Nee.

Hoekom nie? -- Ek het mos vir die hof gesê dat my een oor gee 'n bietjie probleme.

Hoekom is jou vraag dan so verbaas "Wat?" -- Nee, nee, dit was nie verbaas nie. Ek het mooi gevra.

Goed, as enigiemand vir hierdie hof sou sê dat daar

al/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

al die pad net een lied gesing was oor en oor dieselfde lied, dan is dit 'n leuen? -- Ek onthou van die "national anthem" wat daar gesing was. Dit is die enigste lied wat ek onthou.

HOF : Is daar dan net een lied gesing? -- Hulle het ander ook gesing, maar ek ken dit nie wat hulle gesing het nie. Dit wat hulle gesing het ken ek nie, maar die "national anthe het ek goed gehoor.

Is dit nou liedere wat u nog nooit vantevore gehoor het nie wat gesing is? -- Ja, dit was die nuwe liedere wat ek gehoor het.

Wat se soort nuwe liedere? -- Ek weet nie of dit Xhosa was of Zoeloe nie. Iets soos daardie.

In u gebied, wat is die eerste taal daar? -- By die huis as ek met my ma praat, praat ek Sotho. As ek met my oudste broer praat, hy is 'n onderwyser, dan praat ek Engels.

En as u op straat voetbal speel? -- Dan praat ek Sotho.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K1234 SOLOMON THAPELO MOLOI, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moloi, ek wil dit aan u stel dat die verdediging het dit gestel dat hier was 'n lykswa by hierdie lykstoet, maar dat die jong mense die kis op die bakkie gelaai het om die landdros se bevel te vermy? -- Soos ek alreeds gesê het, met my aankoms by die oorledene se huis was die mense al besig om weg te gaan. Toe is die stoet besig om weg te gaan. Ek het nie eers die lykswa gesien nie.

Behalwe die een persoon op die bakkie wat 'n UDF T-hempie aangehad het, het jy daar by daardie begrafnis enige ander T-hemde gesien? -- Bedoel u mense wat T-hemde aangehad het?

Ja? -- Ja, ek het iemand gesien.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was daar baie mense met T-hemde? -- As ek moet sê volgens wat ek gesien het daar, skat ek dat ek ongeveer vyf persone met die T-hemde gesien het.

Het almal dieselfde T-hemp aangehad? Of sal ek sê dieselfde soort T-hemp aangehad? -- Dit was almal T-hemde gewees. Die enigste verskil van die T-hemde was die kleur.

HOF : Watter kleure? -- Wit en geel was die een T-hemp se kleur.

Een hemp het wit en geel op? -- Nee, dit is 'n T-hemp wat geel is en dan die ander een is wit.

Is daar nog kleure? -- Nee, ek het net daardie kleure gesien.

MNR. JACOBS : Op die wit T-hemde, wat was op hulle geskryf? -- Die een van die persoon wat ek goed gesien het was op geskryf UDF.

En op die geles? -- Ek het dit nie so goed gesien nie, maar daar was ook aan die voorkant op die bors UDF geskryf. Ek het net nie agter op gesien wat daar geskryf was nie.

By die graf self, het jy enige persone daar gesien wat daar opgetree het wat T-hemde aangehad het? -- Twee persone wat gepraat het, ja.

Wie was dit? -- Dennis Bloem en 'n tweede persoon wat nie aan my bekend is nie.

Die tweede persoon, het hy enigiets gedoen daar by die graf of het hy net daar gestaan? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie.

Terror Lekota wat jy goed onthou het, het hy nie - T-hemp aangehad nie? -- Nee, ek kan nie meer so goed onthou wat hy aangehad het nie.

Maar kan jy onthou of hy wel 'n T-hemp aangehad het

of/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

of nie? -- Ek kan regtig nie meer onthou of hy - T-hemp aangehad het of net 'n gewone hemp nie.

'n Baadjie? Het hy 'n baadjie aangehad? -- Ek kan glad nie onthou nie.

Die betrokke dag van die begrafnis nadat jy by die stoet aangesluit het, wanneer was die eerste keer wat jy die polisie opgemerk het of het jy hulle nie opgemerk nie? -- Toe ek vir die eerste keer bewus geword het van die polisi se teenwoordigheid, was ons by die begraafplaas gewees.

Was julle alreeds binne-in die begraafplaas besig met die begrafnis? -- Ja.

En waar het jy op daardie stadium, toe jy van die polisi bewus geword het hulle opgemerk? Waar was die polisie? -- In die pad wat ons gebruik het om by die begraafplaas te kom 'n hele entjie ver na boontoe.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Buitekant die begraafplaas? -- Ja, buite die begraafplaas.

MNR. JACOBS : Was hulle in voertuie op daardie stadium of was dit polisie wat te voet aangekom het? -- Hulle was in voertuie gewees.

Het die voertuie daar gestaan 'n hele ent weg in die pad of het hulle beweeg op daardie stadium? -- Toe ek die voertui vir die eerste keer opgemerk het, het hulle gestaan. Ek het wel op 'n later stadium opgemerk dat die voertuie nader beweeg het in die pad in wat ons gebruik het om na die begraafplaas toe te gaan. Hulle het op die kant van die pad op die sypaadjie gaan parkeer.

Afgetrek van die pad en op die sypaadjie gaan parkeer? -- Daar is nie 'n sypaadjie nie, maar net afgetrek van die pad van die ryvlak.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En toe weer gaan staan? -- Ja.

En het hulle daar gebly? -- Ja.

Hulle het nooit daarna ingekom in die begraafplaas in nie? -- Ek het nie gesien of hulle daar ingekom het of nie.

En toe jy die begraafplaas ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Laat ek net duidelikheid kry. Waar was u? U was heel agter in die stoet, u het heel agter gestaan by die begrafnisgangers by die graf, maar aan watter kant was u heel agter? Was u aan die kant van die hek dat u die polisie kon sien of was u heel aan die ander kant heel agter? -- Soos ek daar gestaan het was die hek om by die begraafplaas in te kom agter my gewees en in daardie selfde rigting kan ŉ mens die lokasie self sien.

MNR. JACOBS : Het jy die polisie daar opgemerk op die stadium toe mnr. Bloem gesê het julle moet nou uitmekaar uit gaan en toe jy omgedraai het en geloop het? -- Ja, eers daardie tyd.

Dit is die eerste maal wat jy die polisie gesien het? -- Bedoel u die heel eerste keer wat ek ŉ polisieman gesien het in my lewe?

Moet nou nie moedswillig wees nie. Ons praat van alles wat daar gebeur het daardie dag by die begrafnis? -- Ja, dit was die eerste keer.

Toe jy nou omgedraai het en die begraafplaas verlaat het, het jy toe uitgeloop by die hek? -- Ja, onmiddellik na dit gesê was dat ons moet loop, is ek uit die hek uit en weg.

So, jy was omtrent van die eerste mense wat uitgegaan het? -- Nee, daar was al mense wat voor my by die hek uit was.

Ja, maar jy was van die voorstes? Ek sê nie heel voor nie? -- Ja.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En jy en die mense wat saam met jou uitgeloop het, het julle verby die polisie geloop? -- Nee, ek het nie in die rigting van die polisie geloop nie. Ek het met 'n voetpaadjie afgedwaal in die rigting van my huis. Ek is toe huis toe.

En die mense wat dan wel in die pad geloop het terug na die lokasie toe in die motorpad, het hulle verbygeloop by die polisie waar hulle daar gestaan het? -- Van die mense het wel by die polisie verbygegaan. Daar het wel mense uit verskillende rigtings geloop, byvoorbeeld na Constantia se rigting toe en verskillende rigtings in die woonbuurt in.

Die polisie het nie geskiet op hierdie mense wat rustig daar uitgekom het en die begraafplaas verlaat het nie? -- Toe die polisie begin skiet het, was ek al uit en heelwat ver van daardie punt af.

En is dit reg, die polisie het nie sommer net na hierdie mense geskiet wat dan nou rustig hierdie begraafplaas verlaat het nie? -- Ja.

Het jy gekyk toe die polisie skiet, waarna skiet hulle? Die meeste mense is dan weg? -- Nee, ek het nie gekyk nie.

Het jy nie omgedraai en gekyk en gesien daar om die graf is nog 'n groot klomp mense wat om die graf gestaan het op daardie stadium nie? -- Nee, ek het nie gekyk nie, ek het net gehardloop, want ek was net bekommerd om by die huis te kom.

Die polisie het in elk geval nie na jou rigting geskiet of jou met sambokke geslaan nie? -- Nee, hulle het nie op my geskiet nie en ook nie my met 'n sambok geslaan nie.

As hier getuienis aangebied was deur die verdediging se getuies dat die polisie het met hulle voertuie binne-in die begraafplaas ingery nog voordat die mense uiteen gegaan

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het nog voordat die mense uiteen gegaan het, is dit die waarheid of nie? -- Ek weet nie daarvan nie. Ek het alreeds gesê dat ek vroeg daar uit was. Dalk het die polisie eers daar opgedaag op die perseel na ek uit was.

En as gesê was dat die polisie het geskiet op die mense wat by die hek uitgegaan het terwyl hulle nog besig was om uit te gaan, is dit ook nie reg nie? -- Ek weet nie.

By die graf self, watter taal het beskuldigde nr. 20, mnr. Lekota, gepraat? -- Beide Engels en Sotho. Partykeer wanneer hy Engels gepraat het, was daar iemand wat in Sotho gepraat het.

HOF : Wat getolk het? -- Ja, party plekke het mnr. Lekota self Sotho gebesig.

Nee, ek wil weet, waar hy self Sotho praat, was daar klaarblyklik nie ŉ tolk nie, maar waar hy Engels praat het iemand dit getolk vir die menigte? -- Ja.

MNR. JACOBS : Wie het opgetree as tolk daar? -- Ek ken nie die persoon nie.

Is dit reg mnr. Lekota het vir ŉ lang tyd gepraat, minstens tien minute lank? -- Ek weet nie hoe lank hy geneem het nie.

Dit was ŉ hele tydjie? -- Ek weet nie hoe lank hy geneem het nie. Soos ek alreeds gesê het, ek het laat daar gekom en met my aankoms daar het die ding alreeds begin.

HOF : Het hy al begin praat toe u daar aankom? -- Ja.

MNR. JACOBS : Was hy al amper klaar met sy toespraak? -- Ja, volgens hoe ek dit gevolg het.

Was sy toespraak ook vertolk in Xhosa en in Zoeloe? -- Nee, ek kan nie meer onthou of dit in Xhosa en Zoeloe ook getolk was nie.

Maar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Maar as jy so laat daar aangekom het, is dit nie so nie, dan kan jy nie sê wat mnr. Lekota alles gesê het by daardie graf nie? -- Dit is waar.

En hierdie wat jy dan vir die hof gesê het wat hy daar sou gesê het, kon jy nie daar gehoor het nie? -- Dat ek dit nie kon hoor nie?

Ja? -- Ja, ek het dit gehoor aan die einde van sy woorde wat hy daar gebesig het.

Soos ek dit verstaan het, die getuienis wat hier aangebie is, is dit die hele kern van sy hele toespraak en nie net 'n baie klein gedeelte nie? --

MR BIZOS : That is not an entirely correct description. The evidence both of Mr Lekota and at least one of the defence witnesses was that he spoke about extending his sympathy to the family and other things, not that this was all.

MNR. JACOBS : Ek weet nie wat die ander goed is waarvan hulle sou gepraat het nie, maar dit was gesê dat die kern van sy toespraak was gewees .. (Hof kom tussenbei)

HOF : In elk geval, u argumenteer nou met die getuie. So, wat help dit ons?

MNR. JACOBS : Ek sal dit daar los.

HOF : Was daar 'n luidsprekerstelsel gewees? -- Nee, daar was nie.

Daar was duisende mense. Is dit reg of is dit verkeerd? -- Dit is reg.

Daar moes dus talle mense tussen u en die graf gewees het? -- Ja.

Was dit moeilik om te hoor wat daar voor aangaan? -- As iemand daar begin praat, tydens daardie toespraak het dit stil geword daar. Alles het stil geword. Ek kon dus

hier/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hier en daar hoor wat gesê word. Waar ek nie goed kon hoor nie, het ek altyd by 'n ander man wat langs my gestaan het gevra wat gesê is in die gedeelte wat ek nie gehoor het nie.

MNR. JACOBS : As jy sê jy kon hier en daar hoor, dan meen dit jy kon die hele toespraak nie hoor nie? -- Dit is nou Lekota se toespraak?

Ja? -- Ja, dit is die waarheid.

As die getuienis van die verdediging was dat mnr. Lekota het net in Sotho gepraat, dan is dit nie die waarheid nie? -- Ek het gesê in sy toespraak het hy hier en daar Engelse woorde gebruik.

HOF : En dit is getolk deur iemand anders? -- Ja.

MNR. JACOBS : Mnr. Bloem, het hy 'n toespraak gelewer daar? -- Ja, Bloem ook het. Ek het ook net die laaste woorde van sy toespraak gehoor.

Jy was darem seker die hele tyd daar terwyl hy 'n toespraak gelewer het? -- Wie is dit nou? Bloem?

Ja? -- Met my aankoms daar was mnr. Lekota besig met sy toespraak. Ek is nie in staat om vir die hof te sê of Bloem al vroeër gepraat het of nie. Ek het nie sy toespraak gehoor nie, maar toe hy op die laaste, heel laaste gepraat het, het ek toe gehoor.

Het hy toe 'n toespraak gelewer of het hy net gesê die mense moet uitmekaar gaan? -- Ek het gehoor toe hy gesê het dit is beter dat mense sommer nou gaan.

Is dit al wat hy gesê het? -- Wat ek gehoor het.

Hy het nie 'n toespraak gelewer daar nie? -- Waar? By die begrafnis? By die begraafplaas?

Ja, by die begraafplaas na mnr. Lekota? -- Ek weet nie.

Hoe is dit dan dat jy nie weet nie? Jy was dan daar

teenwoordig/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

teenwoordig. Jy moet mos weet? -- Ja, dit is die waarheid maar die hele ding is, toe ek daar gekom het, was die meeste van die werk al gedoen. Die hele ding het al klaar begin.

Ja, maar jy ontwyk my vraag. Jy antwoord nie my vraag nie. My vraag is, na mnr. Lekota gepraat het, het mnr. Bloem ŉ toespraak gelewer of het hy glad nie ŉ toespraak gelewer nie of het hy net gesê dit is beter dat die mense nou uitmekaa gaan? -- Ek weet nie of hy enige toespraak gemaak het nie.

Jy sien, want mnr. Bloem sê hy het ŉ toespraak gelewer na mnr. Lekota een gelewer het? -- Dit is wat ek sê wat ek nie van weet of hy enige toespraak gemaak het aan die mense daar by die begrafnis nie.

Terloops, watter taal het mnr Bloem gepraat? -- Afrikaans

Het jy hom verstaan? -- Ek verstaan dit glad nie. Dit is juis die rede dat ek sê ek het die man langs my gevra wat gesê word.

Maar het mnr. Bloem aangehou praat en praat en praat en dat jy nie verstaan het nie? -- Ek verstaan Afrikaans glad nie. Ek hoor net hier en daar.

Jy sien, dan kan ek nie verstaan hoe dat jy verstaan het en hom gehoor het dat hy sê dit is beter dat die mense nou uitmekaar moet gaan nie.

HOF : Hy sê die man langs hom het hom dit gesê.

MNR. JACOBS : Dit sê hy dit nou agterna.

HOF : Wel, dit is waaroor hy dit nou moet verstaan.

MNR. JACOBS : Het mnr. Lekota en mnr. Bloem op enige stadium gepraat van UDF? -- Nee.

Maar dit is die getuienis wat mnr. Bloem hier gegee het dat mnr. Lekota het gepraat van UDF en mnr. Bloem self het ook gepraat van UDF? -- Ek het alreeds vir die hof gesê

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat die meeste van die dinge was alreeds gedoen toe ek daar gekom het.

Watter griewe het mnr. Lekota gesê moet die mense onderli oplos? -- Ek het dit alreeds gesê, maar ek sal dit weer herhaa Hy het gesê dat hy gehoor het dat daar onluste was te Maokeng en toe verder gesê dit sal raadsaam wees vir mense van Maokeng om bymekaar te kom en dit te probeer oplos in plaas van betrokke te raak by die onluste.

Wat moes hulle oplos? Dit was my vraag aan jou? -- Wat hy gesê het is dat die inwoners van Maokeng moet dit nie toelaat dat daar onluste is nie, want dan gaan daar baie mense dinge verloor en skade ly. In plaas daarvan moet hulle bymekaar sit en praat.

En waaroor moet hulle praat? Oor watter klagtes? -- Wat ek verstaan het is dat hy bedoel wat ook al die was wat die oorsaak was van die onluste wat die mense skade laat ly het, moet dit nie weer gebeur nie. Indien daar iets is, moet die mense bymekaar gaan sit en praat.

Ken jy vir Abraham Makoli? Ek verstaan die uitspraak is Makodi? -- Ja, ek ken hom.

Is hy saam met jou in dieselfde skool? -- Hy is nie meer op skool nie, maar ek was saam met hom op skool.

In 1985 was hy toe in die skool saam met jou gewees? -- Ja, dit is so.

Daniël George het jy vir die hof gesê ken jy? -- Ja, ek ken hom.

En Pini Sethibe het jy ook alreeds vir die hof gesê ken jy? -- Ja, ek ken vir Pini Sethibe.

En Poppy Motlaping? -- Ja, ek ken haar.

Was sy ook in daardie skool saam met jou gewees? --

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ja, sy was.

En David Setjana? -- Ja, ek ken hom.

En Nicolaas Motsepe? -- Is dit Nicolaas Matsipe of Motsepe? Ek ken vir Motsepe, ja.

Ja, Nicolaas. Hy is ook bekend as Skosana, alias Skosana? -- Nee, ek ken nie 'n Motsepe met 'n Skosana nie.

Ken jy hom net as Nicolaas Motsepe? -- Ja, sonder die Skosana. Miskien as u nou praat van Skosana praat u van 'n ander Motsepe.

Hierdie David Setjana en Nicolaas Motsepe, was hulle in dieselfde skool as jy? -- Nicolaas is nou nog daar. David was daar gewees.

In 1985? -- David is nou nog saam met my op skool, maar Motsepe is die persoon wat nie meer op skool is nie.

Maar hy was in 1985 op skool? -- Ja, hy was.

Ek wil aan jou hier 'n foto toon van 'n groep mense. Onthou jy die geleentheid toe daardie foto geneem is? -- Ja, ek onthou baie goed.

Julle groep soos julle op daardie foto verskyn was afkomstig van Brentpark af wat in die agtergrond van daardie foto is, nè?

HOF : Afkomstig?

MNR. JACOBS : Ja, van Brentpark was julle op pad terug na die swartwoongebied?

HOF : Was hulle op reis van Brentpark na 'n ander plek toe?

MNR. JACOBS : Na hulle eie woongebied toe? -- Ja, dit is reg.

En die polisie het julle toe daar voorgekeer en die foto geneem? -- Dit is die waarheid.

Dit was op 'n skooldag wat julle in die skool behoort

te/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

te gewees het? -- Ja, ek erken dat dit ŉ skooldag was.

HOF : Wanneer is die foto geneem? In watter jaar en watter maand? -- Nee, ek kan nie meer onthou watter jaar en watter maand nie.

Kom ons maak dit vir u maklik. Is dit na of voor 1986 toe u gewerk het? -- As ek reg is is dit voor ek gaan werk het. Ja, dit is voor ek gaan werk het.

MNR. JACOBS : Dit was in 1985 gewees en nie lank na die onluste nie? -- Ja.

En julle het teruggekom op hierdie stadium toe hierdie foto van julle geneem was van Bloem se winkel af waar julle ŉ vergadering gehou het? -- Ons was op pad vanaf Bloem se winkel, ja, maar ons het nie ŉ vergadering gehad nie.

So, julle was in Bloem se winkel gewees? -- Ja, ons was by Bloem se winkel, maar buitekant, nie binnekant nie. Selfs die persoon wat die foto geneem het, het gesien dat ons daar buite was.

Ek wil dit aan jou stel julle was binne gewees. Julle het nie net geloop vanaf die swartmense se woongebied na die kleurlingwoongebied om daar voor ŉ winkel te gaan staan nie. Julle het met ŉ doel soontoe gegaan om ŉ vergadering te gaan hou? -- Ja, dit is reg, ons was daar met ŉ doel gewees maar die doel was nie om ŉ vergadering daar te gaan hou nie. U is reg as u sê ons het daarheen gegaan met ŉ doel.

Wat het julle daar gaan maak in skooltyd? -- Ja, dit was skooltyd gewees, maar as u daar kyk, ek was nie skool toe die dag nie, want ek het nie eers ŉ skooluniform aan nie.

Maar dit antwoord nog nie my vraag nie. Wat het julle daar gaan maak? -- Ek het gehoor van George. George is die tweede persoon van die linkerkant af in die voorste ry met

ŉ/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ŉ donkerige T-hemp.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is dit nou Daniël George? -- Ja. Dat Bloem uit die tronk ontslaan was waar hy ŉ vonnis van ses maande uitgedien het.

HOF : Ja? -- Hy het my toe genooi om saam te kom, want hy wou vir Bloem gaan groet, aangesien hy lanklaas vir Bloem gesien het. Hy wou hom net gaan sien. Dus het hy my gevra om hom te vergesel na Bloem toe.

MNR. JACOBS : Is dit reg, julle was nege mense wat soontoe gegaan het wat saamgeloop het om vir mnr. Bloem te gaan groet? -- Ek kan nie meer onthou hoeveel van ons soontoe was nie, maar ons was nie so baie nie.

HOF : Hoeveel persone is daar op die foto? -- Dit is nege persone wat op die foto is.

Is die stelling van die advokaat dan nie reg nie? -- Hy is heeltemal reg.

MNR. JACOBS : Die ander mense - daar is twee vrouens wat in hulle skooluniforms is? -- Ja.

Die een is nou Poppy Motlaping wat ons reeds genoem het en die ander een het ek nie die naam van vir jou gegee het. Miskien kan jy ons help en sê wie is die ander een? -- Vivian is haar naam.

En haar van? -- Susana.

En hulle is in hulle skooluniforms nog geklee, in spring jurke? -- Ja.

Jy sien, ek stel dit aan jou, julle het wel daarnatoe gegaan na mnr. Bloem se winkel toe om vergadering daar te hou? -- Nee, ek ontken dit. Ons was nie daar gewees met die doel om ŉ vergadering te hou nie.

Hoekom het hierdie ander mense dan almal gegaan na

mnr. Bloem/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

mnr. Bloem se winkel toe? -- Hierdie ander klomp mense het ons by die winkel aangetref, by Bloem se winkel. Dit wil sê ek en George.

Wat het hulle daar gemaak? -- Hierdie mense, regtig, wat u van praat, om die waarheid te sê, ek weet nie wat hulle daar kom soek het nie.

HOF : Staan julle toe almal daar op die stoep? -- Ja, almal van ons was op die stoep gewees, maar ons het nie almal gestaan nie. Party het gesit. Terwyl ons daar op die stoep was, het Bloem opgedaag. Hy is toe gegroet en na hy gegroet was, het ons toe geld uitgehaal om koeldrank te koop.

MNR. JACOBS : Dit is interessant. Waarvoor was mnr. Bloem vir ses maande in die gevangenis? -- Ek weet nie waarvoor nie., Ek het nie eers daarvan geweet dat hy in die tronk was nie. Dit het ek van Daniël George gehoor.

MR BIZOS : There is evidence before your lordship of a six months' period detention under section 29 and the dates are on record. I did ask my learned friends when they said that this photograph was taken shortly after the unrest presumably of the 11th before they repeated the allegation, they must check on their records when the photograph was taken because there must be a record, because I do believe that if the evidence of the witness is correct and if my information was correct when I asked the question, an unfair nexus may have been attempted to be made between the two which is not warranted by the facts known to the prosecutor or to be known to the prosecutor.

COURT : You can address us on this after this evidence is completed and after the cross-examination and not interrupt the cross-examination at this stage. That is not a proper

objection/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

objection. It is overruled.

MNR. JACOBS : Kan jy vir die hof uit jou kennis uit sê wanneer is hierdie foto geneem? -- Ek kan nie meer onthou wanneer dit geneem was nie.

Kan u onthou of dit voor die winter was van 1985? -- Ek kan nie meer so goed onthou of dit nou die winter was of die begin van die winter nie, maar wat ek wel kan sê is, ek onthou goed dat dit 'n bietjie koel was daardie môre.

Kan jy onthou, was dit voor of na die onluste by die skool waar jy skool gegaan het, die onluste van 11 Februarie 1985? -- Na die onluste.

Kan jy onthou of dit lank daarna was of kort daarna? -- Ek kan sê dit was kort daarna. Ek kan net nie presies onthou hoe lank daarna nie.

En is dit reg, al die name wat ek netnou vir u gegee het vanaf Pini Sethibe, Abraham Makoli, Daniël George, Poppy Motlaping en dan jyself en David Setjana, Nicolaas Motsepe en dan die ander vrou wat jy geïdentifiseer het is almal mense wat op die foto verskyn? -- Ja.

Is dit nie so nie dat dit het dikwels gebeur dat julle na die winkel van mnr. Bloem toe gegaan het? -- Nee, ek was nie gewoond om na daardie winkel toe te gaan nie.

En dat daar vergaderings gehou is by daardie winkel? -- Ek weet nie of daar enige vergaderings gehou was nie, want ek was nie 'n persoon om 'n gewoonte daarvan gemaak het om na die winkel toe te gaan nie.

U en Daniël George, was julle goeie vriende gewees? -- Nee, ons was nie vriende nie.

Ek wil dit ook aan u stel dat daar in daardie verskillende skole was daar 'n tak van COSAS gewees? -- Nee, ek het dit

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie te hore gekom nie.

En die groep van julle wat op hierdie foto is, was almal lede van COSAS gewees? -- Nee.

En dat daar by die onderwyskollege - jy weet van die onderwyskollege in Kroonstad se distrik daar? -- Ja, ek weet daarvan.

Wat is die naam daarvan? -- Mphohadi Teachers Training College.

En dat daar 'n tak van AZASO was by daardie Teachers Training College? -- Nee, ek weet niks van dinge wat daar by die kollege plaasgevind het nie. Ek het ook niks van AZASO gehoor nie.

En dat AZASO van die kollege en COSAS van die drie hoër-skole daar het saamgesmelt om te veg vir SRC's en 'n organisasie in die lewe gebring vir daardie doel? -- Ek hoor dit vir die eerste keer. Ek weet nie.

Ek wil jou verwys na 'n bewysstuk - ek wil net vir jou voorlees daaruit. Dit is alreeds hier ingehandig, AAC55, dit is die SASPU National, volume 6 nommer 1 Maart 1985 en op bladsy 4 daarvan kolom 1. Dit is die een waar die foto bo verskyn met die graf. In daardie eerste kolom wil ek vir jou die derde laaste paragraaf lees. Jy kan dit saam volg. "In Kroonstad COSAS and AZASO students from three high schools and the training college formed a joint organisation to fight for democratic SRC's." -- Ja, ek verstaan die inhoud hiervan.

Daar word dit bevestig dat COSAS was in daardie hoërskole van julle, dat AZASO daar was in die onderwyskollege en dat julle saamgewerk het? -- Ja, nou herken ek dit omdat ek dit hier sien, maar ekself het nog nooit vantevore

daarvan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daarvan gehoor nie.

Is dit so dat mnr. Bloem se huis op een of ander stadium in 1985 met ŉ petrolbom gegooi was? -- Nee, ek weet nie.

Dra jy kennis daarvan dat sekere van die leerlinge in julle skool of in een van die ander skole se huise met petrolbomme gegooi was? -- Nee, ek weet nie, maar by die ander kinders van die skool waar ek is, het ek nie gehoor dat daar enige van hulle huise met petrolbomme aangeval was nie.

Ek wil dit ook aan u stel, is dit nie korrek so nie dat u het baie meer aktief deelgeneem aan die politieke opset daar in die woonbuurtes? -- Nee, dit is nie so nie.

En julle het ook geagiteer daarso vir ŉ ander onderwysstelsel? -- Nee, ek weet nie. Ek hoor dit vir die eerste keer.

Het julle nie geagiteer dat julle nie tevrede is met die onderwysstelsel wat op daardie stadium aan julle voorgehou en opgedis was nie? -- Nee, ek was altyd tevrede met die onderwysstelsel.

Was jy tevrede altyd gewees dat daar genoeg boeke, teksboeke en alles was? -- Ja, penne, uitveërs, liniale en alles.

Dit was voldoende gewees? -- Ja, dit was voldoende gewees. Aan die einde van elke jaar partykeer as ek nie baie geskryf het nie, het ek gevind dat ek nog twee of drie boeke oor het wat ek nog nie gebruik het nie.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : Dit is nou skryfboeke? -- Ja, dit is skryfboeke, want die teksboeke het hulle vir ons gegee, maar na ons eksamen geskryf het, dan moet ons die boeke terug besorg.

<u>MNR. JACOBS</u> : En die vergadering waar die komitee verkies

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is van MASO wat u bygewoon het, op daardie vergadering was u ook self verkies op MASO? -- Ek het alreeds gesê dat ek nie gekies was nie.

Het jy enige vergaderings bygewoon waar dit voorgestel was dat 'n COSAS tak daar gestig moet word? -- Ek het van geen vergadering geweet nie. Ek het net van een vergadering geweet, die een wat ek al genoem het en dit was die laaste een.

Dan wil ek net oor een aspek nog duidelikheid kry. Toe julle na Bloem se huis toe gegaan het ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Winkel.

MNR. JACOBS : Winkel, ekskuus, was dit toe hy uit die gevang nis ontslaan was nadat hy gevonnis was vir ses maande? -- Volgense wat Daniël George vir my gesê het, ja. Dit is toe ek hom nou vergesel het.

En dat hy ses maande gevangenisstraf uitgedien het? -- Ja, dit is so.

Wat was die verbintenis tussen Bloem en Daniël George? -- Nee, ek weet nie wat die verbintenis was tussen hulle nie.

Toe MASCO gestig is, weet jy daarvan en is jy verkies op MASCO? -- Glad nie, ek was nie.

Weet u van enige algemene klagtes by u skool teen die prefektestelsel en was dit bespreek op enige stadium by hierdie skool? -- Bespreek deur wie? Deur die onderwysers of deur die skoolkinders? -- Deur die skoolkinders. Deur julle skoolkinders? -- Nee, glad nie. Niks was bespreek nie. Ek het net die môre gesien hier is nou veranderinge by die skool.

Dit was die 11de wat jy nou na verwys, 11 Februarie

1985/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

1985? -- Ja.

Jy sien, hoekom ek jou vra is, die vorige week was daar nie toe ook ontevredenheid en was daar nie toe al algemene bespreking daarvan gewees nie? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie.

HOF : Die probleem, dit wil sê nou die optog, was die Maandag Was daar in die vorige week enige bespreking van hierdie aangeleentheid van die prefekte? -- Nee, ek het dit nog nie gesien nie.

MNR. JACOBS : En as die vrou Sebetoane, Mamokhele Sebetoane vir die hof gesê het dit het gebeur by daardie skool van julle dat die vorige week was daar 'n aankondiging gedoen by die opening van die skool, die Maandag, toe was daar 'n gemor onder die kinders en daarna is hierdie kwessie van prefekte algemeen daar bespreek onder die leerlinge, wat sê jy daarvan? -- Ek is net nie duidelik nie. Wat sê sy? Was dit bespreek deur die onderwysers onder mekaar of wie het daarvan gepraat?

Jy is baie moedswillig. Ek het nou spesifiek gesê en ek het dit spesifiek gestel dat dit was bespreek gewees onder die kinders? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie.

Hoekom kan jy dit nie onthou nie? Jy was netnou baie beslis dit was nooit bespreek nie? -- Dit is omdat ek nie hierdie vraag so goed verstaan nie.

Of is dit omdat jy nie die hele waarheid vir die hof wil vertel nie? -- Ek praat die waarheid. Hier in die getuie bank het ek gesê dat ek net die waarheid gaan praat.

HOF : Wel, die vraag is, op die Maandag was daar die oproer, laat ons dit so maar stel, by die skool gewees. Oproerigheid is miskien beter. Die vorige week het 'n getuie beweer dat

daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar 'n aankondiging gemaak was deur die hoof dat die prefekte op daardie Maandag bekend gemaak sou word en dat daardie aankondiging tot ontevredenheid by die leerlinge gelei het. Weet u iets daarvan? -- Ek weet nie.

K1235 RE-EXAMINATION BY MR BIZOS : No questions.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : By die begrafnis van die Matches seun, hoeveel mense het u gesien wat praat op die begrafnis? -- Ek het alreeds gesê dat ek net twee persone gesien het.

U het ook gesê dat u nie kan sê of mnr. Lekota, beskuldigde nr. 20, 'n gewone hemp of 'n T-hemp aangehad het nie? -- Ja.

Maar kan u onthou dat u ook gesê het toe u gevra was hoeveel mense het T-hemde aangehad, ongeveer vyf en daarna is u gevra of u iemand by die graf gesien het wat T-hemde aangehad het. U antwoord was toe "Ja, die twee wat gepraat het. Dennis Bloem en die een wat ek nie geken het nie." -- Ja, dit is so.

Watter weergawe is reg? -- Van watter een? Kan u dit asseblief vir my oor stel?

Ja, kyk, u het by een geleentheid gesê daar was twee sprekers by die graf, ten minste u het dit herhaal. U sê daar was twee sprekers by die graf? -- Ja.

U het toe ook gesê dat die twee sprekers het T-hemde aangehad? Dit was mnr. Dennis Bloem en die ander persoon wat u nie geken het nie? -- Ja.

Maar toe u later gevra was oor of mnr. Lekota 'n T-hemp aangehad het, het u gesê nee, u weet nie of hy 'n T-hemp of 'n gewone hemp aangehad het nie? -- Ja.

Watter van die twee weergawes is reg? -- Ek het hier gesê ek kan nie meer onthou wat mnr. Lekota aangehad het

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie.

By Kananelo Skool toe u bekommerd was oor u nuwe skoene omdat die klomp kinders uitstorm en u was bang u word getrap, toe staan u 'n bietjie eenkant toe, so twintig meter weg. Is dit reg? -- Ja.

Wanneer het u die polisie gesien? Voor of nadat u eenkant toe gestaan het? -- Na ek eenkant gaan staan het.

En toe u hulle sien, het u toe padgegee? -- Nee, nie onmiddellik nie.

Wanneer het u padgegee? -- Na ek opgelet het dat die polisie van die bakkies af afgeklim het en die kinders begin weghardloop het, is ek ook toe weg.

Is dit al wat u weet van wat daar plaasgevind het by die Kananelo Skool? -- En die skiet van die traangas.

Wanneer is die traangas geskiet? -- Toe die polisie afgeklim het van die voertuie en na ons toe gekom het, was daar onmiddellik 'n geklap van vuurwapens gewees.

Is jy enigsins deur traangas geraak of aangetas? -- Nie soveel nie. Dit het my aangetas, maar nie baie dat ek miskien kon geval het nie. Dit het my wel aangetas.

Het u dus weggehardloop omdat u aangetas was deur die traangas? -- Nee, 'n ander ding wat ek voor weggehardloop het was omdat ek bang was vir die polisie.

HOF : Tussen die Bodibeng Skool en die winkel van mnr. Bloem, wat is die afstand? -- Dit is 'n lang ent.

Kan 'n mens dit stap? -- Ja.

Hoe lank sal 'n mens stap? -- As jy normaal stap en nie vinnig nie, na Brentpark toe by Bloem se winkel, is dit omtrent vyf-en-veertig minute.

En van u huis af na Bloem se winkel? -- Is dit nou

Bloem/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Bloem se winkel of by sy huis?

Julle was mos by Bloem se winkel? -- Ja. Omtrent twintig minute.

Weet u waar Bloem se huis is? -- Ja, ek weet.

Hoe weet u dit? -- Daar was 'n bouer by ons gewees wat 'n buurman is van Bloem net aan die agterkant. Ek was een dag by hierdie bouer se huis toe ek vir Bloem daar gesien het. Ek het toe vir die bouer gevra "Bly daardie man daar?" Toe sê hy vir my "Ja, dit is sy huis."

Enige van die kinders wat die dag daar by Bloem was op die stoep, woon enige van hulle in Brentpark? -- Nee, hulle woon almal in ons lokasie.

En is ek reg as ek sê dat as enigeen van hulle wil gaan koeldrank koop is daar winkels wat baie nader is as Bloem se winkel vir enigeen van hulle? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie.

As enigeen van hulle 'n Coca-Cola wil gaan koop en hy is by die huis, is daar enigeen vir wie Bloem se winkel die naaste is? -- Nee, daar is nie.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - 

MR BIZOS : The photograph that was shown has a reference numb at the back. I think the trial experience of all of us - it is a clear indication that this photograph could very easily have been dated and I asked for the date. The date has now been given to me and it is 19 August 1985.

COURT : It is recorded. Is dit korrek, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : Ek weet nie. Ek het nie 'n datum gegee nie.

HOF : Wie gee die datum vir mnr. Bizos? Mnr. Fick?

MNR. FICK : Kan ek net verduidelik. Mnr. Bizos het my gevra

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat is die datum waarop Bloem vrygelaat sou gewees het en dit is die datum wat ek gevra het die polisie na moet gaan kyk. Ek het glad nie die datum van die foto gegee nie.

HOF : U het glad nie die datum van die foto gegee nie?

MNR. FICK : Nee, glad nie.

HOF : Mnr. Bizos, u kan mos nou nie daardie inligting vir ons gee as dit verkeerd is nie?

MR BIZOS : Because that is the information that was given to me. I asked for the photograph, I saw this at the back and I asked for the date of the photograph. I did not give your lordship information which is wrong.

HOF : Wel, in elk geval, ons haal nou deur wat op rekord geplaas is. Dit is nie die datum van die foto nie. U kan weer vir mnr.Fick vra en julle kan ooreenkom wat die datum is waarop die foto geneem is en dan sal ek dit weer op rekord plaas. Ek kan die ding op hierdie stadium nie verder voer nie.

MR BIZOS : We understand. Thank you. The other matter that I want to raise, is that as we use more than one language in this court, the possibility of misunderstand and admis-sions going on the record as a result of the new answers in words may lead to prejudicial admissions being placed on record. I was not sure of my ground on the question of "oproerig". The primary dictionary meaning is as I thought "rebellious", the first one "mutinous" the second, "riotous" the third and "seditious" the fourth.

COURT : Well, I did not understand the witness to be saying that they were seditious at school. I understood him to be saying when cross-examined on a shouting, running about and that sort of thing. As I put to you directly and

immediately/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

immediately when you raised the matter.

MR BIZOS : With respect, once the words are not used in their primary meaning and we put a question to a schoolboy, people were riotous, they were shouting and there is no distinction being made between riotous, "oproerig" and "geskreeu" and an admission goes down on record, what is going to happen of this record, if once the four meanings are all serious criminal offences? It seems ... (Court intervenes)

COURT : What dictionary are you using?

MR BIZOS : I understand that it is a good one Bosman, Van der Merwe en Hiemstra.

COURT : Yes, that is a good dictionary.

MR BIZOS : I did not want to insist this morning, because I was not sure of my ground. Far be it for me to express any view on - because I am not saying it to prove any point, but we seem to be coming involved the other day with the word "chant". I have not had an opportunity to look it up in an English ... (Court intervenes)

COURT : I looked it up. You were right.

MR BIZOS : Because the primary meaning in the Afrikaans is also a church song, singing in church, but what I do want to say with the greatest respect that during the cross-examination particularly when done by Mr Jacobs in Afrikaans, there are certain words which are used and equated with other things. For instance shouting becomes riotous behaviour and I submit with respect that those sort of misconceptions, people may be entitled to shout without it being a riotous act, but unless we are carefull to separate those sort of words and we are going to be referring your lordship to

the/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

the record, as they will now I am reasonably certain in their argument, if they want to they will be able to say that there was an admission that there was riotous behaviour and if we go to the dictionary meaning, that is so. Also the witness admitted, even though he said he admitted what was contained in the newspaper. As a result of the loose way in which that question was put, I am sure that we are going to have an argument that it was an admission by the witness that COSAS ... (Court intervenes)

<u>COURT</u> : The witness says "I admit now which is in the newspaper, but I did not know of that before", so one cannot get anywhere with that admission.

<u>MR BIZOS</u> : Yes, I do not think that they would in any event. Perhaps it is an unfortunate example that I have chosen, but I merely wanted to appeal in view of the nature of this case where there are fine lines to be drawn what is permissible and what is not, it would appear that the prosecution has ideas that the school children shouted, that that is riotous.

<u>COURT</u> : Yes, I think your point is well taken and I think we should all, let us say, mind our language and first look in the dictionary.

K1236 <u>MR BIZOS</u> : What I finally want to say is this, that I think that once a matter in relation to the photograph is a matter of record and the impression may have been created judging by your lordship's questions to the witness that your lordship considers this photograph or what appears on it of some importance, if in fact it is a matter of record, that this was taken on or after 19 August, which is beyond the period of the indictment, I think that the accused are entitled, not at our initiative, but I would have thought

before/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

before the witness was cross-examined to check on the date when it was taken and not to put shortly after the release.

COURT : I wonder whether you can be correct. The witness says it was just after 11 February.

MR BIZOS : No, he said after Mr Bloem was released.

COURT : That he also said.

MR BIZOS : He said on which he said it was was on the release of Mr Bloem. Thereafter he was asked was it before or after, he said after and he was asked long or before.

COURT : No doubt the state will in due course give us the date of the photograph. It should be able to ascertain that reasonably easy.

MR BIZOS : I have no doubt that that would be so.

ZODWA LETHINA THOBELA, d.s.s. (Through interpreter - Zulu)

EXAMINATION BY MR BIZOS : The events that the witness will deal with is Duduza. It may be of assistance to your lordship and the learned assessor not to have to chase the evidence through the record. It is Stephanus Muller 5 780 to 5 792 in chief and 5 805 to 5 823 under cross-examination.

Mrs Thobela, are you 48 years of age and do you reside at 74 Gumede Street, Duduza? -- Yes.

Are you in employment by the Union Carriage in Nigel? -- Yes.

For how long did you work for this firm? -- Twelve years.

Have you recently changed and have you become self-employ -- Yes.

Is that since April 1987? -- Yes.

You are the mother of seven children? -- Yes.

Three of whom have died under tragic circumstances that his lordship will hear about? -- Yes.

Where/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Where did you come from originally? -- From Standerton. That is where my father originally comes from.

And was there a township in which you lived? -- No, my father was from a farm where he stayed.

COURT : You also I take it? You stayed with your father? -- Yes, that is where I was born.

MR BIZOS : Do you know the place Charterstone? -- Yes, quite well. That is where I grew up.

What sort of place was that? -- It was a location.

And were you and the people of Charterstone called upon to move from that place? -- Yes.

When were you called to move away from there? -- Early in 1963.

Did you move and where did you go to? -- Duduza.

Were there any negotiations between the community at Charterstone and officials about what sort of place you were going to be moved to? -- Yes, there were.

And what was said during these negotiations?

MNR. FICK : Mag die staat net verneem of die getuie daar was?

COURT : Were you present? -- Yes, I was present. I was in fact a married woman with my own family.

MR BIZOS : Have you and your husband taken an active part in the affairs of your community? -- Yes.

COURT : Just tell me now, this Charterstone, is that next to Nigel? -- Yes.

And Duduza is also next to Nigel? -- Yes.

MR BIZOS : What was said doing these negotiations? -- At these discussions we had some complaints to the authorities about the conditions of the township as a residential area.

COURT : The new one? -- That is the old one, Charterstone.

It/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

It was at this meeting where we told in a promise that we are going to be moving to a new township which will be built according to the new structures and the new system, which will have all the facilities required for a human being.

MR BIZOS : Were any specific facilities spelt out? -- Yes, there were.

What was spelt out? -- Firstly well-built houses, secondly the sewerage system, thirdly water supply, electrici that is electrification and all other requirements that are required by a community living in a township.

Did you and your husband and then then five children that you had agree to move to Duduza? -- Yes.

What year did you move? -- In April 1964.

Were you tardy about moving or were you among the first to move to this area? -- We were the first to move.

What did you move to? A house that was already built or something that you had to build yourself? -- We moved into a built house.

COURT : Complete? -- Yes.

MR BIZOS : And what facilities did it have? -- Nothing except for the four walls that is a completed structure of the house.

Did you just move in or did you have to pay for this structure? -- The very first month, at the end of it, we paid our rent.

COURT : Was the idea or is the idea that you merely got the shell and that you had to put up the inner walls or did the whole building consist of and still is one room? -- No, it is divided. It is a four roomed house.

But were the inside walls not up then? -- The walls were/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

were there.

So, you had four rooms not one room? -- I moved into a four roomed house.

Did you have water? -- No.

MR BIZOS : Who was administering the township at that stage? -- I do not remember whether it was Mr Wessels. I am not certain. I do not remember.

Irrespective of the name of the official, was it the municipality or was there a board? -- The municipality.

What was your initial rent when you moved in? -- In Charterstone we were paying 16/6. I do not know what one could call it today.

COURT : We know what that is. -- And when we moved into Duduza we had to pay R7,30.

MR BIZOS : Did the municipality give this Duduza over to anyone else later on? -- Yes, under the East Rand Board.

Do you remember when that came? -- I cannot remember exactly when it was, but it was during the seventies. It have been 1970 or during 1971 but during the seventies.

Was it taken over by the board known as ERAB, East Rand Administration Board? -- Yes.

Either at the time of the taking over or thereafter, were those facilities that were promised to you ever provided -- No.

COURT : Do you mean you still do not have any water or electricity or sewerage or whatever it is? -- We only got water and the sewerage system last year.

MR BIZOS : Is that in 1987? -- Yes. What happened is, the contractor started with the project in 1986 and which was completed in 1987.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was anything done to improve the quality of life from middle sixties to the middle eighties in your township? -- No, nothing was done.

How did the residents feel about these lack of facilitie in Duduza? -- We were not pleased at all. It was bad.

In 1982, did you become aware of the formation or the existence of any organisation in Duduza? -- Yes.

What did you hear? -- I came across a meeting of the civic association.

COURT : The Duduza Civic Association? -- Yes.

MR BIZOS : Did you go to this meeting? -- Yes, I attended their meetings.

Was the first one that you attended in 1982? -- Yes.

You say you attended their meetings. How many meetings would you say you attended during 1982? -- I attended this very first one and then towards the end of the year I attended another one of their meetings.

Please tell us about the first meeting. What was that meeting about? -- The community had gone to tell the civic association that we were not happy about the bucket system which is being used in the township. We also made mention of the fact that we did not have water, meaning that thirty houses are sharing one tap in the street to draw water.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : Did you mean what you said when you said the people, the community had gone to tell the civic association these things or is there a mistake somewhere? -- When I talk about the civic association I am talking about the residents of Duduza, because the civic association is composed of the residents. We therefore went to them as members of the civic association to tell them "Look, we

want/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

want a solution. What can we do in order to have these things done proper or the mistakes corrected?"

So, was this a public meeting? -- Yes.

COURT : The civic association, is the name Duduza Civic Association? -- Yes.

MR BIZOS : Known as DUCA? -- Yes, for civic association.

You told us about the water and about the sewerage and what else was said at this public meeting? -- And the shortage of houses, the electrification of the township, it was dark and the dirtiness of the township. The conditions of the streets, they are muddy, especially after the rains. One cannot walk there.

The residents at this public meeting, did they mandate the committee of the civic association to do anything about it? -- That is so.

COURT : To do what? -- That they must approach the authorities in charge of us and take our complaints to them.

MR BIZOS : Did you expect a report back to be made to you? -- That is so, yes.

And was a report back meeting held? -- Yes, it was.

And were you present at the report back meeting? -- Yes, there was.

COURT : That is the second meeting in 1982? -- Yes.

COURT ADJOURNS TILL 15 MARCH 1988.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.